Lering tov Bevryding…Byvoegsel 5.

Dierbares, die rede vir hierdie byvoeging tot ons Lering, sal duidelik word namate u hierdeur gaan, maar kortliks. Almal van ons ken mense wat deur ouers, broers en susters, ook onderwysers, een of ander tyd beledig en verneder is.
Jy is sommer stupid gebore, sal nooit iets word nie, sal dalk 'n rakpakker kan word, as jy ooit genoeg verstand daarvoor sal hê. Ek het gedog jou ma is onnosel, maar jy vattie koek. Ek het eenkeer gehoor dat 'n pa vir sy seun gesê het, dat hy eerder doodgebore moes wees. Hy het van 'n hoë woonstelblok se dak in PE afgespring.
Ek dink nie die inligting hierin vervat, gaan 'n Sondagmiddag sessie vul nie, maar dalk kan ons dit bespreek en almal se "ongoddelike soulties" met onderwysers ens verbreek. ***Miskien en mass vergewings en vryspraak gebed doen.***
Die grootste foute wat mens in die bediening, asook in jou eie geestelike, sowel as jou gewone, alledaagse lewe kan maak, is om jouself met ander knegte van Die Here Jesus te vergelyk en dan te dink dat jy net nie kan bybly, of nie goed genoeg vir enigiets is nie, want ***mense het dit al soveel keer vir jou gesê.*** *Geliefde,* ***ons het elkeen ons eie persoonlikheid.***
Eenmaal hierdie by 'n bekende pastoor gehoor dat, as twee van ons identies is, is een van ons oorbodig! Paulus, deur die Gees van God, (2Timoteus 3:16 Die **hele Skrif is deur God ingegee** en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
2Ti 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus)….

skryf in 1 Korinte 12 : 1Kor 12:4 Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;
"En daar is 'n hele verskeidenheid bedieninge, maar dis dieselfde HERE.

1Korintiers 12:6 en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.

" Dis waar, dat jy nie maklik, sonder hulp, alles kan word, wat jy kan wees nie, maar God wil hê dat jy, deur jou ***voorgangers gementor*** *word, die appeltjie val mossie vêr vannie boom affie, birds of a feather, flock together, nie waar nie, maar jy is darem nie 'n kloon nie.* ***Jy is steeds uniek.*** *Niemand tussen die 9 of so biljoen mense op aarde, het dieselfde vingerafdruk as jy nie. Bitter min het dieselfde eienskappe of karakter, in dieselfde orde gerankskik soos jy nie. Onthou ook, ons is nou 'n* ***nuwe skepsel****…*
2Korintiers 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n **nuwe skepsel**; die ou

dinge het verbygegaan, kyk, dit het **alles nuut** geword…

*en is deur **Dieselfde** Heilige **Gees deurdronge**…*1Korintiers 12:13 Want ons is **almal** ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en **ons is almal van een Gees deurdronge**.

*Ons is nou tot baie meer instaat, deur Christus wat ons (bonatuurlike) **nuwe krag** gee.* Filippense 4:13 Ek is tot **alles** in staat deur **Christus wat my krag gee.**

*As ek nou **aanhou terugdink** aan wat oor my gesê is, gaan **ek net daar bly stilstaan**, terwyl Die Woord ons inspireer om **vorentoe te beur,** nie terug te kyk nie.* Filippense 3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, **en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.**

Psalm 139:14 I will praise thee; for I **am fearfully and wonderfully made:** marvellous are thy works; and that my soul knoweth right well.
Psalm 139:15 My substance was not hid from thee, when I was made in secret, and curiously wrought in the lowest parts of the earth.

Mattheus 11:12 Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die **koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld**.

*Dierbares, as 'n berugte prostituut Maria Magdalena, Nikodemus, ander Fariseërs, 'n klomp wilde vissermanne, tollenaars, die **klippe…ONS DIE HEIDENE,** (sien onder) ja dierbares, die Grieke, Romeine en ander nie Joodse nasies, die Koninkryk stormloop en dit selfs met geestelike geweld gryp, so word dit in die King James vertaal, **(violently).**, dan gaan ons oor tot aksie, genoeg is genoeg. Ek weier om op 'n hopie in 'n hoekie te gaan sit, met myself Jannie Jammer agterstewe te speel. Om te op en af en op en af wipplank te ry met my emosies, wat my telkens pootjie, wanneer ek iets vir Die Here wil doen en vrug daarop wil sien. Kom ons staan op,*

***vertrou op Die Here**, skop daai spul issues, van nineteen long ago, saam met hulle ongoddelike soulties en ander demons uit ons tempels….(Why? Because **I can**…)*
en begin vrug dra, soos nog nooit vantevore nie. Skop daai tiny tim tiptoeing through the tulips aka spirit of timidity, skaamheid, teruggetrokkenheid, bitterheid, verwerping, kleingeestelikheid, onvergewingsgesindheid en ander tot verby annerkant, in Die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

KLIPPE…ONS DIE HEIDENE:

Hierdie deur openbaring ontvang.

(Mattheus 3:9 En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit **hierdie klippe** kinders vir Abraham op te wek.

Mat 3:10 **Maar** die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Luk 19:39 En sommige van die Fariseërs uit die skare sê vir Hom: Meester, bestraf u dissipels!

Luk 19:40 En Hy antwoord en sê vir hulle: Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die **klippe uitroep**.)

Dierbares, ons het 'n verantwoordelikheid teenoor Die Here, ons is daartoe geroep om Die Evangelie van liefde en van Die Koninkryk aan verlorenes te verkondig, sodat hulle weer, op hulle beurt, hul issues kan agterlaat en die Koninkryk van die hemele kan stormloop en die gospel regoor die wêreld neem, omdat die bloed van Jesus gestort was vir hulle,

Romeine 10:14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?

Rom 10:15 En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe **lieflik is die voete** van die wat die **evangelie van vrede verkondig**, van die wat die **evangelie van die goeie verkondig!**

Mense, die dissipels, nog nie apostels nie, is deur Jesus, voor die kruisiging uitgestuur…en Jesus het nie agtergebly nie, Hy het die voorbeeld gewys. En o ja!!

Nie met 'n nuwe spogmotor nie, nie met die nuutste Lear Jet nie, Oh no!

Wat verbeel al die televangelist bankiers hulle, om hulself bo die Meester te verhef?

Johannes 3:30 **Hy moet meer** word, maar **ek minder**.

Joh 3:31 Hy wat **van bo kom, is bo almal**; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal.

En nee dierbares, ek self, as Die Here my iewers heen stuur, ry met my motor, maar

ek vra niemand een enkele sent nie, nie brandstofgeld of vir bediening nie, want Die Kaptein van Die Leërskare, het my geleer…

Mattheus 10:8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit **verniet ontvang**, **verniet moet julle dit gee**.

Mat 10:9 **Moenie** vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie;

Jesus gaan self van dorp tot dorp.. natuurlik was daar nie motors nie, maar dit keer Hom nie. Hy gaan in elk geval, ek lees nêrens te perd nie, of per koets nie nee!!!

MAAR TE VOET, kyk hier!!!

Lukas 8:1 En daarna het **Hy die een stad en dorp ná die ander deurgereis** en gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig; en die **twaalf was saam met Hom,**

A Hands on Preacher, Teacher, Leader, Saviour, God Allmighty stap van dorp tot dorp. Verlos mense van hul issues en soulties en krankhede. En Sy volgelinge doen dieselfde. Weet u wat sê apostel Paulus van hulle, Petrus en sy vriende en dit sluit nou ook vir Timoteus, Titus en 'n hele klompie ander in?

Romeine 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie **òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?**

Rom 6:17 Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, **maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer** wat aan julle oorgelewer is,

Rom 6:20 Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid.

Rom 6:21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood.

Rom 6:22 ***Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.***

Lets cut off the *demonic issues and soulties en gaan werk vir Jesus, wyl die skadu's daal, arbei vir Die Meester, tot Hy ons kom haal. Voor die Pêrelpoorte, daar ontmoet ons saam, dan sing ons met blydskap Ere Sy Sy Naam. Prys Die Here. Ons word nou bome wat by waterstrome geplant is… strome van…*

Johannes 7:37 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Joh 7:39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; **want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie**.

Psalm 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Weet u wat sê Paulus nog van hierdie dissipels, wat nog nie onder die Bloed was nie, en nog ook nie In Die Heilige Gees gedoop was nie….Dit kom eers in Die Handelinge, wat dan ook die "after Christ" manne was wat wel die Bloed en Die Heilige Gees ontvang het.

1Korintiers 1:26 Want **let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie;**

1Co 1:27 **maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam;**

1Co 1:28 **en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak,**

1Co 1:29 sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.

1Co 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

Het effense laaaaaang draai geloop maar, nou eers terug na Jesus se sendingtog na die verskillende dorpe en stede toe.

Luk 8:2 ook sekere **vroue wat genees was van bose geeste en siektes: Maria wat Magdaléna genoem word, uit wie sewe duiwels uitgegaan het.**

Dierbares, hierdie was verskillende demone, nie 7 van dieselfde soort nie. Hulle, die vroue het saam gestap. Nee, julle kan nie tuis bly en pappa alleen die werk van Die Koninkryk laat doen nie. ***Daars wolwe op die pad….wolwerinne ook!!!!***

Luk 8:3 en Johanna, die vrou van Gusa, 'n bestuurder van Herodes, en Susanna en baie ander wat Hom almal met hulle besittings gedien het.

Luk 9:1 En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee

oor al die duiwels en om siektes te genees.

Luk 9:2 En Hy het hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak

Luk 9:6 En hulle het uitgegaan en dorp vir dorp deurgegaan en oral die evangelie verkondig en siekes gesond gemaak.

Luk 10:1 En ná hierdie dinge het die Here weer sewentig ander aangestel, en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke stad en plek waar Hy sou kom.

Luk 10:2 Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur.

Luk 10:3 Gaan dan; kyk, Ek stuur julle soos lammers onder wolwe.

As Jesus manne uitgestuur het, onder die wolwe in, en hulle nog nie eers die Bloed van Jesus, of Die Doping In Die Heilige Gees gehad het nie……

hoeveel temeer nie ons nie. Ons het Jesus se Naam, Sy gestorte bloed

EN die VUUR en KRAG van Die Doping met Die Heilige Gees.

Lukas 24:49 En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat **julle toegerus is met krag** uit die hoogte.

Act 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Mat 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle **doop met die Heilige Gees en met vuur.**

Dit was weer so wye draai, om nou terug te kom, weg van u issues, nie instaat ens.
*Hy het elkeen van ons geroep om sekere waarhede, op verskillende tye te beklemtoon. Johannes het byvoorbeeld **liefde beklemtoon,***
*Salomo het **wysheid beklemtoon** en Paulus het hoofsaaklik op **genade bo die wet** gefokus. **Die behoefte van die persoon, wie bedien moet word**, bepaal waar die klem gaan val. Die vraag om te vra is :*
WAT IS NUTTIG OP DIE OOMBLIK?
Dit gaan bepaal, WIE** ons gaan wees. Dus gaan ons nie onsself, met ander vergelyk nie, want Die Here gaan die **REGTE GAWE OP DIE REGTE TYD GEE GELIEFDE.

1Korintiers 12:1 En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.

1Cor 12:7 Maar **aan elkeen word die openbaring** van die Gees gegee met die oog op **wat nuttig is**.
1Co 12:8 Want aan die een word deur die Gees 'n
woord van wysheid gegee…*kyk bietjie na hierdie kragtige, pragtige belofte….*
(Jakobus 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig **gee sonder om te verwyt**, en dit **sal aan hom gegee word**.)
en aan die ander 'n
woord van kennis vanweë dieselfde Gees;

1Cor 12:9 aan 'n ander weer
geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander
genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;
1Cor 12:10 aan 'n ander
werkinge van kragte,
aan 'n ander **profesie**,
aan 'n ander **onderskeiding van die geeste**,
aan 'n ander **allerhande tale**,
aan 'n **ander uitleg van tale.**
1Cor 12:11 **Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil**.
1Cor 12:12 Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.
1Cor 12:13 Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; **en ons is almal van een Gees deurdronge.**
Ons sal hierdie in diepte bespreek wanneer ons oor Die Gawes leer.

Daarom is ons, net ons self en niemand anders nie.

Nie almal sal jou bedieningstyl verstaan of waardeer nie. Dis in orde - dis nie 'n populariteitskompetisie nie. Jy is geroep om 'n dienaar, Sy kneg en nie 'n ster nie, te wees. Een van die grootste voorwaardes vir bediening is:

1Korintiers 4:1 So moet **ons dan beskou word as dienaars van Christus** en **bedienaars van die verborgenhede van God**.

1Kor 4:2 En verder word van die **bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet**

word.

Natuurlik moet ons ons ook beskikbaar stel vir Die Here.

In die liggaam van Christus, word van ons verwag, ten spyte wat die Charismate sê, ***om ook werke te doen*** *:*

Mattheus 5:15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.

Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle **julle goeie werke** kan sien en julle **Vader wat in die hemele is, verheerlik.**

Ons weet mos darem dat ons goeie werke alleen, ons nie in die hemel gaan bring nie, nie waar nie?

Efesiers 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;

Efes 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

Efes 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

Johannes 5:20 Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees.

Handelinge 9:36 En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.

Romeine 2:6 wat elkeen sal vergeld na sy werke:

Rom 2:7 aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek die ewige lewe;

Titus 2:7 Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid.

Jakobus 2:16 en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?

Jak 2:17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Jak 2:18 Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

In die gemeente vind ons, behalwe die Diakens, die volgende uiters belangrike ampte en daar is mense wat daardie verskillende ampte begeer en dis nie dieselfde begeerte , as om ander se vroue of goedere te begeer nie, maar inteendeel ;

leer God se Woord ons :

1Timoteus 3:1 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n **Opsienersamp** verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. *(met die regte gedragspatroon en gesindheid natuurlik). **WANT!!!***

1Timoteus 3:2 **'n Opsiener** dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

1Tim 3:3 geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

1Tim 3:4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.

1Tim 3:5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

Hoe moet 'n Diaken lyk???

1Timoteus 3:8 Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,

1Tim 3:9 manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou.

1Tim 3:10 En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien.

1Tim 3:11 Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.

1Tim 3:12 Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huis goed regeer.

1Ti 3:13 Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

En die Ouderlinge?

*In die Nuwe Testamentiese kerk, ook genoem die Handelinge kerk, was die **Ouderlinge**, waardige en Godsvresende manne. Nie soos die huidige "ouderlinge" wat die toringkerke sommer goedsmoeds aanstel nie. Op 'n dorp, waar ek voorheen woonagtig was, was een van die "ouderlinge" die eienaar van die, werklike berugte "Drinktotjystinkbottelstoor" en "Suiptotjylêkroeg" wat gereeld, tydens die toringkerkbasaars, 'n biertent opgerig het. Dan speel daar ook 'n Boere orkes en die gemeentelede en die straat dronkies dans te lekker saam. Dink u een van daai kerke se "ouderlinge" sou hierdie kon doen? Ek vra net.*

1Timoteus 4:14 Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die **profesie met die handoplegging van die ouderlinge.**

1Tim 5:17 Laat die **ouderlinge wat goed regeer,** dubbele eer waardig geag word, veral die **wat arbei in woord en leer.**

Nou so lyk Die Handelinge kerk se ware ouderlinge.

Titus 1:5 Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en **van stad tot stad Ouderlinge sou aanstel** soos ek jou beveel het—

Titus 1:6 as iemand….

onberispelik is,

die man van een vrou, *ek dink hier word bedoel…een op 'n slag.*

gelowige kinders het....(*Gelowiges se kinders is ook nie buite orde nie).*

wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie

En die Opsieners, ook bekend as Biskoppe dan?

In sommige denominasies, word onderskeid tussen Ouderlinge en Biskoppe gemaak.

Titus 1:7 Want 'n opsiener moet as 'n rentmeester van God ;

onberispelik wees ;

nie eiesinnig ;

nie oplopend ;

geen drinker ;

geen vegter ;

geen vuilgewinsoeker nie ;

Tit 1:8 maar gasvry, een wat ;

die goeie liefhet,

ingetoë,

regverdig, heilig, *(hierdie staan onder mekaar sodat ons bietjie meer hieroor kan skryf dierbares.)*

een wat homself beheers;

Tit 1:9 **een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.**

Dierbares, net sovêr vir hierdie sessie, sodat ons tyd vir vrae en antwoorde kan gun. Hierdie is ook nog nie ge-editeer nie.

Getuienis van vermaning.(*Staan oor tot volgende keer).*